

Donderdag 4 Februarie

Skrifgedeelte: Jesaja 64:1-8; HK Sondag 5, Vraag 13

Fokusgedeelte: Jesaja 64:6

Die mens kan homself nie verlos nie

Is dit nie vir die mens moontlik om sy eie verlossing te bewerk deur self vir sy sondes te betaal nie? Ons belydenis antwoord ferm en duidelik: “Nee, glad nie.” Ons is almal voor God geestelik bankrot. Daarom is dit vir ons eenvoudig net nie moontlik om vir ons sondes te betaal nie.

Van die vroegste tye af het die sondige mens probeer om op allerlei wyses, soos selfkastyding (1 Kon. 18:28) en die offer van hulle kinders (2 Kon. 16:3), die afgode gunstig te stem met die hoop om so verlossing uit ’n noodsituasie te bekom. Dit het hulle egter totaal niks gebaat nie. Daar is egter ook Christene wat op een of ander wyse hulle eie verlossing probeer bewerk. Hulle dink dat hulle stiptelike kerklike meeewing, hulle getroue gebede, hulle bydraes vir die kerk en die diens van barmhartigheid, hulle ywer vir die uitbreiding van God se koninkryk sake is wat tog deur God as verdienste beskou behoort te word. Dit is egter selfbedrog, want al hierdie dinge – al is dit op sigself belangrik – is waardeloos as dit by die betaling van sondes kom. Trouens, selfs ons beste werke is met sondes besmet (Jes. 64:6; Gal. 3:10; HK Antw. 62). Ons beste werke is egter nie net waardeloos om vir ons sondes te betaal nie; nee, dit is só sondig dat ons ons skuld daardeur nog elke dag groter maak. Dit geld nie net van mense wat moedswillig aanhou met sonde doen nie (Ps. 78:17; Jes. 64:5; Hos. 13:2), maar ook van hulle wat uit liefde vir die Here goeie werke wil doen (HK So. 32).

Dit blyk duidelik as Jesaja sê: “*Ons het almal geword soos mense wat onrein is, ons beste dade is soos vuil klere*” (Jes. 64:6). Nou spreek dit vanself dat as ons beste werke so sondig is dat dit met vuil klere vergelyk word, dan kan ons nie daarmee vir ons sondes betaal nie, maar dan maak ons deur dit te doen, ons skuld nog elke dag groter. Paulus bevestig dit as hy sê: “*Almal het gesondig en het nie deel aan die heerlijkheid van God nie*” (Rom. 3:23; vgl. 1 Kon. 8:46). Daarby kom nog dat God nie altyd ’n sonde straf onmiddellik nadat dit begaan is nie. Dit laat dan by sommige die gedagte ontstaan dat dit nie verkeerd is om die sonde te doen nie, en dan doen hulle dit nog meer. Daarom waarsku die Here deur die Prediker: “*Omdat die verkeerde daad nie meteens gestraf word nie, hou mense eenvoudig aan om verkeerd te doen*” (Pred. 8:11).

Dit is duidelik: ons kan nie self vir ons sonde betaal nie. Daar is net Een wat kan betaal en betaal het. Dit is Jesus Christus (Rom. 8:32; 2 Kor. 5:21).